Method

Actors' Training Centre / Akteursopleidingsentrum

2017 METHOD INLIGTINGSBLAD

Die kursus is hoofsaaklik prakties en sluit die volgende in:

Method-pakket: ontspanning, toneelspel en verhoogtegnieke, sintuigherinnering, praktiese toneelanalise, spelleiding, praktiese toepassing van speltegnieke op toneelwerk, die studie van Method-teorie en teaterdissipline.

Stempakket: ontspanning, asemhalingsvolume, korrekte plasing van asemhaling, korrekte stemplasing, projeksie, resonans, artikulasie en hoe om klank te gebruik om gedagtes en gevoelens eg uit te druk.

Teksanalise: grondige navorsing en studie van drie toneelstukke en dramaturge, persoonlike bywoning van alle slypskole, volledige voorbereiding ter bespreking / beantwoording van vrae.

Aanbieding van Prosa en Poësieprogramme: kommunikasie met 'n gehoor, fisiese aanbieding, lyftaal, beweging op die verhoog, die betekenisvolle vertolking van materiaal soos uitgedruk deur die gebruik van tempo-ritme, steminfleksie, pouses, klem en kreatiewe interpretasie.

Beweging wat met speloefeninge gepaard gaan: fisiese uitdrukking, bewegingsvloei, soepelheid, effektiewe liggaamsgebruik en koördinasie.

Die **Method-proses** vereis 'n periode van tyd vir begrip en tegniek om te ontwikkel. Studente kan verwag om ná ± drie- tot vier jaar al die voorgeskrewe tegnieke onder die knie te hê, na gelang van hoe vinnig die individu vorder. Die opleiding van beligting / klanktegnici, dekor- en kostuumontwerpers, verhoogbestuurders, rekwisietebouers, ens., **maak nie deel van die kursus uit nie.** Die **Sentrum** spesialiseer spesifiek in die **opleiding** van **akteurs** en **regisseurs**.

Tale waarin instruksie plaasvind: (1) Afrikaans (2) Engels

Afrikaanse studente het die geleentheid om in beide hul moedertaal en Engels klas te loop.

Plek:

Inscape Education Group, Corobaylaan 193, Waterkloof Glen, Pretoria Oos

Klastye:

Dinsdae – 18h00 tot 21h30
Donderdae – 18h00 tot afgehandel

METHOD TONEELSPEL EN STEMOPLEIDING

VOORNEMENDE STUDENTE

Method studente moet:

- 18 jaar of ouer wees
- Graad 12 hê
- Afrikaans/Engels praat/lees/skryf
- 'n informasiesessie bywoon
- 'n persoonlike onderhoud slaag
- toetse slaag in begrip asook
- verbale- en taalvaardighede
- sterk kognitiewe vermoëns hê
- sterk analitiese vermoëns hê
- oor sterk taalkundige en
- verbale vaardighede beskik

FOOIE

Method Sertifikaat

Jaarlikse klasfooi - 1ste jaar
R19,575.00 vir 223 ure opleiding in Method en Stem insluitend 29 slypskole

Jaarlikse klasfooi - seniors
R18,171.00 vir 207 ure opleiding in Method en Stem insluitend 24 slypskole

Slypskoolfooie – seniors
R88-00 per uur per sessie om eerstejaar slypskole by te woon

Vertolkingsdiploma - net seniors

R21,418-00 vir 244 ure opleiding in Method, Stem en 29 slypskole

Informasie-omslag - alle studente

R150-00 tot R200-00, afhangende van student se opleidingsvlak

FOOIE

Fooie is nie-teruggeebaar en moet vooruit betaal word. Betaling kan in kontant, per bankgewaarborgde tjek, of d.m.v. bankoorplasings gedoen word. Nie-gewaarborgde persoonlike of besigheidstjeks sal nie aanvaar word nie. Dokumentasie moet as bewys van bankoorplasings voorsien word. Studente mag nie in paaiemente afbetaal nie. Geen uitsonderings sal gemaak word nie.

'n Fooi van R100-00 is betaalbaar by aankoms vir 'n inligtingsessie (±2 ure). Die persoonlike onderhoud (±1 uur) en taaltoetsing (±2 ure) wat deur Stephanie van Niekerk hanteer word, kos R250-00. Die toetsing behels leesvaardighede en grammatika-, spelling-, begrip-, kognitiewe-, analitiese- en taalvermoëns in Afrikaans en Engels en sal die graadvlak van die voornemende student verifieer. 'n Rapport sal aan die voornemende student versend word. 'n Besluit sal dan geneem word oor die kursus waarvoor die voornemende student mag registreer, 'n Inleiding tot Toneelspel of Method Sertifikaat.

'n Nie-teruggeebare deposito van R4,000-00 wat van die kursusfooi afgetrek sal word, is betaalbaar by voltooiing van die Aansoekvorm en Registrasie-ooreenkoms, of wanneer 'n senior student die direkteur meedeel dat hy of sy die kursus die volgende jaar gaan voortsit om 'n plek in die klas te verseker. **Die volle bedrag, minus die deposito, is voor of ten tye van die eerste klas betaalbaar. Studente mag nie hulle studies begin tensy die opleidingsfooi ten volle betaal is nie.**

REGISTRASIE OOREENKOMS

Sodra die besluit geneem is om te registreer, teken die aansoeker en/of 'n ouer / toesighouer (indien die student jonger as 18 jaar is) 'n Registrasie-ooreenkoms wat die volgende reëls en regulasies bevat. Hierdie reëls is opgestel om alle gedissiplineerde, gehoorsame en toegewyde studente, asook die Direkteur, dosente en ander assistente, te beskerm:

1. 'n Student mag uit die **SENTRUM** geskors word vir onaanvaarbare gedrag, na goeddunke van die Direkteur (verontagsaming van die reëls soos in die **2017 Informasieblad** uiteengesit: ongehoorsaamheid, ongereelde klas / repetisiebywoning, alewige laatkommery, nie voorbereiding (soos vereis) doen nie, weiering om oudisies / produksievergaderings by te woon, stryerige, onbedagsame, onverantwoordelike, beledigende, konfronterende en disrespekvolle gedrag teenoor dosente en studente, aggressie (hetsy fisies of verbaal), ontwrigtende optrede, protesteer, vereistes maak, oproerigheid aanstig, luiheid, 'n negatiewe houding, op iemand skreeu en dwelm / alkoholmisbruik):

(i) Ten tye van die **tweede** geskrewe waarskuwing deur die Direkteur / dosent, na sy / haar goeddunke of

(ii) Ten tye van die **tweede afsetting** uit die klas / repetisie, na die Direkteur / dosent se goeddunke of

(iii) Ten tye van die **tweede** ontvangs van **een** geskrewe waarskuwing en **een** afsetting uit die klas / repetisie, na die Direkteur / dosent se goeddunke.

Drie Teaterdissiplinepunte sal afgetrek word ná elke waarskuwing en/of afsetting uit die klas en die student moet 'n geskrewe verskoning inhandig voordat hy/sy toegelaat sal word om sy/haar studies te hervat.

(iv) *onmiddellike skorsing na die Direkteur / dosent se goeddunke, vir enige optrede, hetsy verbaal of fisies, wat as konfronterend, beledigend, intimiderend, militant, polities / rassisties geïnspireerd of veeleisend, aggressief of gewelddadig* beskou kan word teenoor die Direkteur / dosent en/of enige student / assistent / gas wat by die **SENTRUM** betrokke is, hetsy binne of buite die klas / repetisie.

2. **Die volle kursusfooi bly betaalbaar en sal verbeur word** wanneer 'n student uit die **SENTRUM** geskors word.
3. Sou 'n student vrywillig besluit om nie klasse by te woon nie, vir watter rede ookal, sal **die fooie**, soos uiteengesit in die Registrasie-ooreenkoms, **nogtans betaalbaar bly en nie terugbetaal word nie**.
4. Die sillabus, klasrooster, eksamen en vertolkingsdatums sal nie verander word om individue te pas nie. Studente wat nie die klasse, soos geskeduleer, bywoon nie, sal waarskynlik nie die kursus slaag nie.
5. Die Direkteur behou die reg voor om instrukteurs, wat vir vier jaar of meer by die Sentrum studeer het, ter eniger tyd, en vir enige lengte van tyd, aan te stel om klasse in haar plek aan te bied sonder om redes of verduidelikings aan studente te voorsien.

METHOD SERTIFIKAAT- EN VERTOLKINGSDIPLOMA – KURSUSINHOUD

Klasse

Sertifikaat – hoeveelheid sessies per jaar: Eerstejaars – 70 | Seniors (Jare 2, 3 & 4) – 65
Vertolkingsdiploma - hoeveelheid sessies per jaar: Alleenlik Seniors – 82 (53 Method Tegniek, 29 Vertolking)
Sertifikaatstudente woon alle sessies by. Diplomastudente mag 4 Method / Vertolkingsessies per jaar mis.

- **Stem – alle studente:** 41 sessies
- **Method Tegniek – alle studente:** 41 sessies
- **Method Vertolking:** 29 (1ste Jaar & Diploma) of 24 (Senior Sertifikaat)

Dinsdae 18h00 – 19h00
Dinsdae 19h30 – 21h30/22h00
Donderdae 18h00 tot afgehandel

Die duur van Method Vertolkingsessies en Slypskole hang daarvan af of dit 'n tegniek / vertolkingsessie of 'n slypskool / verfilming / lesing of prosa en poësie program is. **Diplomastudente** doen ook **12 Tegnieksessies op Donderdae**.
Die Method Vertolkingsessies op Donderdae (slypskole ingesluit) bestaan uit die volgende: Alle studente –

- **Teksanalise Eksamens***: 3* oor 2 sessies vir elke eksamen *(Eksamens vind elk op Woensdag- en Donderdagaande oor 5 – 6 ure plaas | Stem en Method Tegniek vind steeds op Dinsdae plaas gedurende eksamenweke)*
- **Prosa en Poesie:** 5 sessies
- **Method Toneel-sessies:** Sertifikaat – 2 sessies * Diploma – alle sessies
- **Method Toneelslypskole:** Sertifikaat – 4 sessies * Diploma – alle sessies
- **Groepstoneel-slypskole:** Sertifikaat – 1 sessie * Diploma – alle sessies
- **Voorbereiding vir eindjaar eksamen:** 4 of 5 sessies. Sertifikaatstudente wanneer geskeduleer * Diplomastudente doen al die sessies
- **Verfilming van tonele**: 2 sessies
- **Teater / film / regie-slypskole: (alleenlik 1ste jaar & Diploma)** 5 *(2 x 2 ure en 3 x 4 ure)*

ADDISIONELE TYDSVERPLIGTINGE BUITE KLASTYD

Studente moet weekliks, bo en behalwe klastyd, ± 13 ure (Sertifikaat) of 18 ure (Diploma) repetisie- en voorbereidingstyd beskikbaar hê en bereid wees om die tyd af te staan. Die volle hoeveelheid tyd sal nie noodwendig elke week gebruik word nie.

Stemoefeninge:	oefen 20 minute tweekeer 'n week
Ontspanning/Sintuig-herinnering:	oefen 1 uur tweekeer per week
Repetisies:	Sertifikaat: repeteer 4 ure elke week * Diploma: repeteer 6 ure elke week Februarie tot einde Mei en 4 ure elke week die res van die jaar
Teksanalise: (Navorsing en klasse)	± 6 ure per week oor 5 weke 3x per jaar
Geskrewe take: (Navorsing en skryf)	Sertifikaat: ± 6 ure per week oor 3 weke 3x per jaar * Diploma: ± 6 ure per week oor 3 weke 6x per jaar
Prosa en Poësie:	kies material en oefen tuis

ERKENNINGSVEREISTES

- **Bywoning van alle (Sertifikaat 41) of (Diploma 53) Method Tegnieksessies**
- **Woon alle Stemsessies by – 41**
- **Woon alle (1ste jaar & Diploma 29) of (Sertifikaat senior 24) Method Vertolkingsklasse en slypskole by**
- **Klasse wat gemis word moet opgemaak word**
- **Bevredigende ontwikkeling in en begrip van praktiese en teoretiese werk**
- **Die voltooiing van alle vereiste praktiese toneelopdrage - Sertifikaat 3 en Diploma 6**
- **Die suksesvolle vertolking van 'n praktiese eindeksamen**
- **Die suksesvolle vertolking van 'n Prosa en Poësie program**
- **'n Minimum van 50% in 3 (Sertifikaat) of 6 (Diploma) geskrewe take**
- **'n Minimum van 50% in 3 Teksanalise eksamens**
- **'n Minimum van 2 uit 12 punte vir Teaterdissipline**

PROSA EN POëSIE

Tweede Kwartaal | 27 & 29 Junie

Stel volgens 'n tema 'n prosa- en poësieprogram op wat vyf minute lank is. Jy sal dwarsdeur die jaar daaraan werk om ***dieselfde program*** te vervolmaak. Gee aandag aan: kommunikasie, fisiese uitbeelding, kreatiwiteit, lyftaal, beweging, ontspanning van die asemhalingsentrum, asemhaling en stemplasing.

Derde Kwartaal | 26 & 28 September

Dra jou program voor en gee aandag aan bogenoemde, asook aan ontspanning van die spraakkanaal, asemhalingsvolume, plasing van klank in die masker van die gesig, projeksie, artikulasie en die geloofwaardige verbintenis van asem en klank met die uitdrukking van gedagtes en gevoelens.

Vierde Kwartaal | 5 Desember (Finale Eksamen)

Vertolk jou program met inagneming van alles wat jy geleer het ten opsigte van die gebruik van jou stem: ontspanning, asemhaling, stemplasing, projeksie, artikulasie en resonans. Die betekenis van die materiaal soos dit deur die gebruik van tempo-ritme, steminfleksie, beklemtoning, lig- en skaduwee en kreatiewe interpretasie uitgedruk word is baie belangrik.

Alle studente herhaal hulle Prosa- en Poësieprogramme, met regstellings, by die eerste geleentheid in die volgende kwartaal – 19/21 Julie & 11/13 Oktober . Die program word vyf keer opgevoer

TEKSANALISE EKSAMENS

Method- en Stemsessies vind steeds op Dinsdae plaas gedurende die weke waarin die Teksanalise eksamens afgeneem word. Die eksamens vind op Woensdae en Donderdae vanaf 18hoo tot oohoo plaas en moet bygewoon word as die student die kursus wil slaag.

Eerste Kwartaal | Woensdag, 15 Maart 2017 en Donderdag, 16 Maart 2017

Arthur Miller – *Death of a Salesman*

Study the play thoroughly. Do research on the play and the dramatist. Make and bring notes on the following – theme, conflict and the characters of WILLY LOMAN, LINDA, BIFF and HAPPY. Who are they? What do they want? What is in their way? What do they do to get what they want?

Tweede Kwartaal | Woensdag, 24 Mei 2017 en Donderdag, 25 Mei 2017

Reza De Wet – *Mirakel*

Aan die begin van die tweede kwartaal word studente in groepe ingedeel wat bestaan uit 'n regissieur, verhoogbestuurder en akteurs, ter bestudering en opvoering (in die klas) van tonele uit *MIRAKEL* op Donderdag, 3 Augustus 2017. Bestudeer die teks. Doen navorsing oor die stuk en die dramaturg. Maak en bring notas oor die volgende: tema, konflik en die karakters van DANTé DU PRE, SALOMé, ABEL, LENIE, ANTOINE en ANNA. Wie is hulle? Wat wil hulle hê? Wat staan in die pad daarvan? Wat doen hulle om te kry wat hulle wil hê?

Derde Kwartaal | Woensdag, 6 September 2017 en Donderdag, 7 September 2017

Ionesco – *The Lesson*

Study the play thoroughly. Do research on the Theatre of the Absurd (Source material: *The Theatre of the Absurd* and *Absurd Drama* by Martin Esslin). Make and bring notes on the techniques used by Absurdist playwrights and the philosophy behind their work. Discuss *The Lesson* by Ionesco in the light of these techniques and points of view.

GESKREWE TAKE

Baie belangrik: bestudeer die taak-riglyne wat deel van jou omslag uitmaak baie deeglik voor jy jou taak begin skryf. As die werk nie volgens die riglyne gedoen is nie, sal die taak aan jou teruggegee word sodat jy korreksies kan aanbring. As jy die taak druip sal jy dit moet herskryf en R50 moet betaal vir 'n hermerk. Drie teaterdissiplinepunte sal in die slag bly. Bestudeer die vraag deeglik! Maak seker dat jy die vraag verstaan! Moenie aannames maak nie! Dink! Slaan ag op wat van jou verwag word! As jy nie weet wat om te doen nie, vra die Direkteur.

NB: As jy jou taak laat inhandig, of as die werkstuk nie volgens die riglyne geskryf is nie, verloor jy 3 teaterdissiplinepunte

Tweede Kwartaal | Dinsdag of Donderdag, 18 en 20 April, 2017

Eerstejaarstudente

Bestudeer *The Actor and Professional Behaviour*. Skryf **elke punt** neer en bespreek punt vir punt hoe die projek, akteurs, regisseur, tegnici en bemanning geaffekteer sal word as die reël verbreek word. Hoekom? Wat sal gevolglik gebeur? Moet my asseblief nie vertel **wat jy behoort te doen nie**. Vertel my **wat sal gebeur as jy dit nie doen nie**. (Bestudeer die Oriëntasie- en Informasieblaaie.)

Tweedejaarstudente

Watter stappe moet geneem word om **'n rol te ontleed**? Beskryf in detail hoe mens 'n stuk analiseer: hoe jy te werk gaan om uit te vind wie die karakter is; watter Method-werk om te kies; wat die aksie behels, ens. Verwys na Lesing 2 bl. 10 en *ON METHOD ACTING* deur Edward Dwight Easty en **bespreek elke punt**. *Bewys aan my dat jy weet hoe om 'n rol te ontleed deur tonele en karakters waaraan jy al gewerk het te gebruik om jou punt te illustreer.* **Watter keuses het jy gemaak en hoekom? (Bestudeer die Inleiding tot *Method Acting: Inleiding en Praktyk* deur Stephanie van Niekerk*. Hierdie taak gaan nie oor "Wie is ek?" of Vrae A – J nie. Dit handel oor AL die stappe wat mens moet deurgaan om 'n rol te ontleed.)***

Derdejaarstudente

Lees die eerste vier lesings in *METHOD OR MADNESS?* deur Robert Lewis. Skryf oor **"Method Fiksasies"**, nie net dié wat in die vierde lesing bespreek word nie, maar ook dié wat in die klas en op Stephanie van Niekerk se blog en in die Inleiding tot ***Method Acting: Inleiding en Praktyk*** deur Stephanie van Niekerk genoem is, asook gevaarlike standpunte wat, volgens jou, in die gedagtes van die **onnadenkende** / **onrealistiese** / **onervare** Method-akteur sou kon posvat.

Vierdejaarstudente

Kies twee bekende Method-akteurs met 'n herkenbare film-oevre. Kyk na twee **krities hoog aangeskrewe** films wat deur elke akteur gemaak is. Doen 'n grondige ontleding van **ses** aspekte / oomblikke in elke vertolking wat in jou opinie onvergeetlik is te wyte aan die egtheid daarvan, en bespreek enige aspekte / oomblikke wat nie ten volle eg was nie. Hoekom het die egte oomblikke "gewerk" en hoekom het die vals oomblikke nie "gewerk" nie? **Verduidelik spesifiek wat die akteur in die toneel met oë, gesigsuitdrukkings, bewegings, ens. DOEN**. Moenie die akteur vir regie- en tegniese foute blameer nie.

Derde Kwartaal | Dinsdag of Donderdag, 18 en 20 Julie, 2017

Eerstejaarstudente

(1) Skryf oor **hoekom** die akteur ontspanning moet doen voor 'n **vertolking,** of voordat hy/sy aan oefeninge in **sintuigherinnering** werk.
(2) Hoekom doen ons ontspanning terwyl ons in 'n stoel sit, staan, beweeg eerder as om stil te lê?
(3) Hoekom hou ons die liggaam oop terwyl ons ontspanning en sintuigherinnering doen?
Bestudeer *On Method Acting* (Easty) en Lesings 1 en 2 (Van Niekerk), asook die Inleiding tot *Method Acting: Inleiding en Praktyk* deur Stephanie van Niekerk. Verskaf aanhalings. Moenie Easty & Van Niekerk naskryf nie!! Hierdie taak gaan oor **ontspanning** en **nie** oor sintuigherinnering nie.

Tweedejaarstudente

Lees Lee Strasberg se *A DREAM OF PASSION* (*The Voyage Continues: II*), en bespreek, **met spesifieke verwysing na jou eie uitdagings,** die **primêre kondisionering**, **gemaakthede** en **uitdrukkingsgewoontes** wat in die akteur se pad kan staan en voorkom dat sy/hy die self vrylik en geloofwaardig uitdruk. Bespreek ook **15 voorbeelde** van spelprobleme, soos deur Strasberg uitgewys, wat daardeur veroorsaak word.

Derdejaarstudente

Lees *METHOD OR MADNESS?* deur Robert Lewis. Konsentreer op die moeilike probleem van "**Truth in Acting**" ("*Geloofwaardigheid in toneelspel*"). Bespreek die kwessies van **geloofwaardigheid** en **verbeelding** deur **jou eie voorbeelde,** insluitend dié uit **tonele waaraan jy en ander in die klas gewerk het,** te gebruik. Bespreek ook enige voorbeelde deur Lewis genoem.

Vierdejaarstudente

Kies **twee karakters** waaraan jy gewerk het wat baie van jou en van mekaar verskil. Bespreek in detail hoe jy **hulle innerlike en uiterlike karaktereienskappe** geskep het. Op watter informasie / besluite het jy jou keuses gegrond? In jou opinie, wat het, en wat het nié, gewerk nie? Wat sou jy vandag anders doen? Verwys na jou voorgeskrewe tekste oor die Method om jou te help in jou studie van hoe om 'n karakter te bou.

Vierde Kwartaal | Dinsdag of Donderdag, 10 en 12 Oktober, 2017

Eerstejaarstudente

LEES MET AANDAG EN VOER ALLE VEREISTES ASSEBLIEF NOUKEURIG UIT!

Skryf 'n essay oor **hoekom** dit **belangrik** is om vrae A tot J (Lesing 2 bl. 10) te beantwoord wanneer jy 'n toneelstuk repeteer. Gee die **redes** hoekom jy dit moet doen. Verwys spesifiek na die rolle van **Motivering** en **Verantwoording**. (Dui **by die bespreking van elke punt** aan **hoe** die beantwoording van die spesifieke vraag die akteur help om keuses t.o.v. aksies en sintuigherinnering te motiveer en te verantwoord). Bespreek elke punt apart, in detail en onder sy eie opskrif. **Gebruik voorbeelde uit tonele waaraan jy gewerk het om die punte wat jy maak te illustreer.** Verwys ook na *ON METHOD ACTING* deur Edward Dwight Easty en die Inleiding tot *Method Acting: Inleiding en Praktyk* deur Stephanie van Niekerk. *Ek moet sien dat jy **verstaan** hoe om vrae A tot J korrek aan te wend*.

Tweedejaarstudente

Lees "The Fruits of the Voyage" in *A DREAM OF PASSION* deur Lee Strasberg. Bespreek die volgende oefeninge: **Kop-tot-tone, Private Gedrag, Sing-en-Dans** en **Emotiewe Herinnering**. Hoe word elke oefening gedoen? Met watter struikelblokke word akteurs wat aan dié oefeninge werk gekonfronteer? Hoe kan die struikelblokke, volgens Strasberg, opgelos word sodat die oefening meer korrek gedoen kan word. **Deel ook jou eie ervarings en oplossings. BEANTWOORD DIE VRAAG TEN VOLLE, ASB.**

Derdejaarstudente

Lees *THE EMPTY SPACE* (The Deadly Theatre – Hoofstuk 1) deur Peter Brook. Wat veroorsaak dat teater "dood" is? Bespreek Brook se standpunt asook **jou eie siening**. Bespreek jou eie en Brooke se **oplossings**.

Vierdejaarstudente

Skryf oor hoe jou begrip oor die jare verander het ten opsigte van die **toepassing** van die **Method-tegnieke** op vertolking. Wat was jou begrip in jou eerste jaar, byvoorbeeld, en hoe verskil jou werksmetodes daarvan op hierdie stadium van jou ontwikkeling? Bespreek asseblief **ten minste vyf aspekte** in detail – meer as jy kan. Gebruik voorbeelde uit jou eie werk ter illustrasie.

Seventy-five percent of great art is hard work, only about twenty-five percent is great talent.

Lee Strasberg

2017 KALENDER: SKOOLKWARTALE EN KLASTYE

Dinsdae: Stem van 18h00 tot 19h00 (1 uur)
Method (teorie, ontspanning, sintuigherinnering) van 19h30 tot 21h30/22h00 (2 tot 2½ ure)

Januarie 24 – Maart 28 (Dins. 21/3 vakansie – klas Woens. 22/3)	**10 sessies**
April 18 – Junie 27	**11 sessies**
Julie 18 – September 26	**11 sessies**
Oktober 10 – Desember 5	**9 sessies**
	41 sessies

Donderdae: Method Vertolking van 18h00 tot 20h00/22h00 (2 tot 4 ure) afhangende van die werk wat afgehandel moet word

Januarie 26 - Maart 30	**10 sessies**
April 20 - Junie 29 (Don. 27/4 vakansie – klas Woens. 26/4)	**11 sessies**
Julie 20 – September 28	**11 sessies**
October 12 - December 7	**9 sessies**
	41 sessies

Sommige klasse sal a.g.v. publieke vakansiedae en teksanalise-eksamens op Maandae en Woensdae plaasvind.

Method Diplomastudente moet alle Vertolkingsklasse op Donderdae bywoon. Dit sluit in: toneelklasse, toneelslypskole, teksanalise, verfilming van tonele, eerstejaarslypskole asook prosa & poësie.

Sertifikaatstudente sal deur die jaar ingelig word wanneer hulle Method Vertolkingsklasse moet bywoon. Dit sluit in: toneelklasse, toneelslypskole, teksanalise, verfilming van tonele, eerstejaarslypskole asook prosa & poësie.

Tussen 23/2 en 11/5: 6 Vertolkingsklasse moet deur alle Method Sertifikaatstudente gedoen word, waarvan 4 toneelslypskole moet wees (3 waarin jy NIE optree nie en 1 waarin jy wel optree). Sertifikaat en Method Vertolkings-diploma studente wys die tonele waaraan hulle tuis gerepeteer het gedurende die Vertolkingsklasse op Donderdae.

2017 BELANGRIKE DATUMS

Eerste video-opname van tonele – Dinsdag 14 (indien nodig) en Donderdag 16 Februarie

Tweede video-opname van tonele – Dinsdag 16 (indien nodig) en Donderdag 18 Mei

Video-opname van die groepsprojek – Donderdag, 3 Augustus

Prosa & Poësie finale eksamen – Dinsdag 5 Desember (hierdie datum mag moontlik verander)

Method eksamentonele – Donderdag 7 Desember (hierdie datum mag moontlik verander)

Sodra die datums vir die 1ste jaars se slypskole gereël is, sal studente 'n rooster ontvang. Gaan asb. jou **2017 Opdragblad** na vir datums waarop prosa- en poësieprogramme asook teksanaliseslypskole plaasvind en geskrewe opdragte ingehandig word. Teken asb. die datums NOU in jou dagboek aan. Teaterdissipline-punte sal afgetrek word as werk nie betyds ingehandig of afgehandel is nie.

Deelnemers aan die mid-jaar groepsprojek repeteer gewoonlik Maandae en Woensdae 18h00 – 22h00 en/of Saterdae 10h00 – 16h00. Sommige groepe verkies egter om die werk op Sondae te doen.

STEPHANIE VAN NIEKERK – OPLEIDING EN ERVARING
TONEELSPEL - SPELLEIDING - SKRYFWERK - ONDERRIG

As Direkteur van die Method Akteursopleiding-sentrum in Pretoria gee Stephanie Van Niekerk sedert 1991 onderrig in Method, stemtegniek, teaterspeletjies, improvisasie, kreatiewe skryf-werk, regie en teksanalise, waardeur sy uitge-breide ondervinding in artistieke en tegniese spelleiding, produksie, skryfwerk en akteurs-opleiding opgedoen het. In hierdie periode het sy drie-en-dertig verhoogproduksies en twee radiodramas, *Berg van die Digters* en *Die Paddas* wat deur haar pa, Dolf van Niekerk, geskryf is, afgerig. Die radiodramas is deur vyf radiostasies dwarsoor Suid-Afrika uitgesaai.

Oorspronklike dramas geskryf en afgerig deur Stephanie van Niekerk:

Die Sewende Dag (1995) -
(wenner van die *FNB Pick of the Windybrow Festival Award for Most Outstanding Ensemble Work* in 1996)
Beuselpraatjies (1997)
Binnereis (1999)
Dubbelspraak (2006)
Ladies' Night (2008)
Daydreams and Nightmares (2010)

Stephanie van Niekerk se loopbaan in die vermaaklikheidsbedryf het reeds as 'n kind van agt 'n aanvang geneem, toe sy in radiodramas en kinderprogramme vir die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie gespeel het. As tiener het sy aan produksies vir Volksteater in Pretoria deelgeneem en in 1973 het sy by die Transvaalse Raad vir Uitvoerende Kunste aangesluit as lid van 'n toergeselskap wat by hoërskole opgetree het. Nadat sy 'n B.A. Drama-graad aan die Universiteit van Pretoria behaal het (1976), het sy haar betrokkenheid by toneelspel, verhoogbestuur, tegniese afrigting en rekwisiete / kostuumvervaardiging op 'n deeltydse basis aan die Hart House- en Glen Morris-teaters in Toronto (1977 - 1980), en as 'n student van die Method (teater, film, TV) aan die Lee Strasberg Theatre Institute in New York (1981 - 1984), voortgesit. In 1983 was sy een van 'n uitgelese groep Method-studente wat genooi is om 'n lid van die Second Studio for Actors in New York te word. Sy het haar loopbaan as aktrise in Toronto beoefen tot 1985. Van 1986 tot 1991 het sy op studies in en beoefening van holistiese sielkunde en Shiatsu-terapie gefokus.

In 1979 en 1980 het sy onderrig in drama, kreatiewe beweging en kommunikasievaardighede aan emosioneel-versteurde en leerbe-nadeelde kinders in Toronto gegee. In 1988 en 2004 het die Dramadepartment van die Universiteit van Pretoria haar genooi om as gaslektor lesings oor en klasse in die Method vir tweede- en derdejaarstudente aan te bied. Gedurende 1999 het sy lesings oor die Method aan lede van die Spraak- en Dramagilde in Pretoria en Johannesburg gelewer, en in 2001 klasse in "Toneelspel as Terapie" aan die derdejaar sielkundestudente van die Universiteit van Pretoria doseer.

OPLEIDING: STEPHANIE VAN NIEKERK

1974 - 1976	B.A. Drama: Universiteit van Pretoria
1979 - 1980	B.A. Kursusse in Filosofie, Logika, Engels: Universiteit van S.A.
1981 - 1984	Spel vir Teater, Film & TV: Lee Strasberg Theatre Institute, New York
1983 - 1984	Spel vir Teater, Film & TV: The Second Studio for Actors, New York
1985 - 1986	Sertifikaat in Shiatsu-terapie: Shiatsu Clinic and Education Center, Toronto
1986 - 1987	Diploma in Holistiese Sielkunde: Natural Health Institute, Toronto.

ONAANVAARBARE GEDRAG

Dié reëls en regulasies is deur die Direkteur opgestel nadat ontwrigtende en onbesonne optrede deur vele studente deur die jare ervaar is. Die reëls en regulasies mag moontlik streng en beperkend voorkom. Dit is egter bewys dat 'n gelukkige, sorgsame en positiewe omgewing, waarbinne ons doelwitte bereik kan word, deur middel daarvan geskep word. Skeppende werk kan alleenlik plaasvind binne 'n veilige atmosfeer waar almal met konsiderasie en respek behandel word. As studente gedissiplineerd optree en hard werk word meetbare resultate bereik waarop almal trots kan wees.

Die **Method Akteursopleidingsentrum** is 'n private opleidingsinstansie, wat bestuur en besit word deur die **Direkteur, Stephanie van Niekerk**, die gesaghebbende wat aan die hoof staan en wie na eie goeddunke die volmag het om besluite te neem. Die **SENTRUM** is nie 'n sosiale klub, groeps- terapie / AA-vergadering of 'n plek om "jouself te wees" of waar jy "stoom kan afblaas" nie. Studente betaal vir en woon klasse by om die **beste akteurs wat hulle moontlik kan wees, te word!**

Alkohol- en dwelms: Die gebruik van nie-voorgeskrewe dwelms / medikasie of alkohol, en die rook van marijuana voor of tydens die klas kan nie toegelaat word nie. *Persone met 'n geskiedenis van dwelm- en/of alkoholmisbruik hoef nie vir toelating tot die SENTRUM aansoek te doen nie. Sulke persone kan nie aanvaar word nie en/of sal geskors word aangesien die suksesvolle voltooiing van die kursus onwaarskynlik is en lektore en medestudente definitief verontrief sal word.*

Die volgende behoort verdere lig op onaanvaarbare gedrag te werp:

Wanneer jy in die proses is om in Method en/of spelvaardighede, verhoogtegnieke, teaterspeletjies, improvisasies, regie, die skryf van tonele, teksanalise, stem-ontwikkeling, ens., opgelei te word, mag jy nie stry oor of nie saamstem met die voorgeskrewe of voorgestelde oefeninge / werk / spelkeuses wat gedoen moet word, of gekorrigeer of aangepas moet word, ten opsigte van klas of toneelwerk of optredes nie.

Jy mag nie tyd mors deur nie saam te stem met of deur te stry oor **wat** gedoseer word en **hoekom** dit op 'n sekere manier gedoen word nie. Studente het veral aan die begin nog nie 'n oorhoofse siening en begrip van die tegnieke nie. Ons **PRAAT** nie daaroor nie, ons **DOEN**! Insig sal met die tyd kom. ***ACTING IS DOING* !**

Methodstudente moet verstaan dat hul **kreatiwiteit nie onderdruk word** omdat daar van hulle verwag word om die Methodoefeninge- en tegnieke korrek aan te leer en uit te voer nie. Wanneer hul opleding uiteindelik afgehandel is, kies akteurs van watter Methodtegnieke hulle gebruik wil maak en hoe hulle die tegnieke wil aanwend. Gedurende die opleidingsperiode moet studente egter leer hoe om die tegnieke korrek te gebruik sodat hul **kreatiwiteit** oor die langtermyn **verhef mag word**. **Korrekte tegniek sluit nie kreatiwiteit uit nie maar dit neem wel tyd om dit te ontwikkel! Dit help nie om ongeduldig met die proses te raak nie!**

Stry of die maak van verskonings wanneer die Direkteur of dosent foute, verkeerde tegnieke en/of probleme t.o.v. die ontwikkeling van die student se instrument / oefeninge / vertolking uitwys.

Om ander te verontrief deur geduring laat vir klasse / repetisies te arriveer of dit nie by te woon nie.

Om nie beloftes wat gemaak is of verantwoordelikhede wat met die Direkteur, dosente of medestudente ooreengekom is, na te kom nie.

Gebrek aan self-dissipline – om onverantwoordelik, onbedagsaam en onbetroubaar te wees.

Nie jou selfoon af te skakel die oomblik wanneer jy die klas instap nie. Fone mag eers weer aangeskakel word as die klas verby is. Moet asseblief ook nie in die klas rook of kougom kou nie.

Aandring op of vereistes stel of ander opsweep om aan te dring op of te protesteer teen die Direkteur en/of dosente. Daar sal nooit aan vereistes voldoen word nie en militante of polities / rassisties geïnspireerde optrede sal daartoe lei dat jy onmiddelik uit die skool geskop word en die fooie wat jy betaal het, verloor.

Om jou eie persoonlike kwessies na die klas / repetisie te bring en dit op ander te projekteer – om te blameer en fout te vind. Jou persoonlike woede, hartseer, weerstand, frustrasie ens., behoort tydens ontspanning op 'n gestruktureerde wyse uitgedruk en dan vrygelaat te word, sodat jy op jou werk kan fokus. Om persoonlike vrese, bekommernisse, 'n lae selfbeeld, veroordelings en persoonlike sielkundige probleme (beheerkwessies, weiering om te erken dat jy verkeerd is, onregverdige verwagtings van ander, ontkenning ens.) op 'n individu of die klas in geheel te projekteer is teenproduktief en mors jou eie kosbare tyd!

Moet asseblief nie foutvind en ander blameer nie. Raak bewus van enige emosionele, sielkundige of verslawingskwessies wat jy mag hê en leer om jou probleme uit te ken. Raadpleeg 'n opgeleide terapeut om jou te help om die kwessies aan te spreek. Toneelspelklasse is nie die plek daarvoor nie. Ons het net genoeg tyd om al die werk in te doen!

'n Geskinder, haatlikheid, 'n gerugstekery, seksuele teistering, en om 'n ander te vloek.

Studente moet asseblief vra **HOE** die tegnieke ontwikkel en/of gebruik moet word. Enige vrae of besprekings wat gefokusde opleiding en die ontwikkeling van tegniek, spel- en stemvaardighede bevorder, is uiters welkom.

Dit sal sinneloos wees om vir die instrukteur kwaad te word wanneer hy/sy uitwys dat daar dinge is wat jy nie weet nie. Jou onkunde is nie die instrukteur se skuld nie. Dit moet egter onder jou aandag gebring word sodat jy kan leer!

TEATERDISSIPLINE EN ERKENNINGSVEREISTES

Klasbywoning:

Method- en Stemklasse wat oorgeslaan word moet opgemaak word: Sertifikaatstudente moet alle sessies wat oorgeslaan word opmaak om die kursus te slaag. Vertolkingstudente mag alleenlik 4 Method / Vertolkingsessies gedurende die jaar oorslaan. Alle Stemklasse wat nie bygewoon word nie moet opgemaak word. Die **Direkteur** moet voor die tyd **deur jou** ingelig word as jy 'n klas nie kan bywoon nie. Reëlings moet getref word vir 'n Method- of Stem-opmaakklas om plaas te vind. Sou omstandighede dit noodsaak dat twee klasse in 'n ry oorgeslaan word, moet een van die volgende dokumente by die volgende klas vir inspeksie aan die dosent voorgelê word: 'n doktersertifikaat ***of*** 'n nota van jou werkgewer ***of*** 'n geskrewe verduideliking van jou afwesigheid. Toestemming sal nie gegee word om ná 'n klas te loop as 'n ander klas ook vir die betrokke sessie geskeduleer is nie.

Laat aankoms vir klas / repetisie: Dit is totaal en al onaanvaarbaar. Dit is disrespekvol en onbedagsaam teenoor alle betrokkenis omdat dit die klas ontwrig. Almal se tyd en geld word vermors omdat instruksies en informasie herhaal moet word sodat die onstiptelike persoon die werk kan inhaal.

Bevredigende ontwikkeling in en begrip van die werk:

Praktiese en teoretiese werk moet op 'n standaard wees wat vir die Direkteur en/of eksterne eksaminatore aanvaarbaar is. 'n Waardering sal gemaak word, gegrond op die gehalte van geskrewe en praktiese opdragte, asook self-dissipline, houding en gewilligheid om te werk. **Studente mag nie kies watter van die voorgeskrewe werk hulle wil doen nie**. Hulle doen óf alles om die Vertolkingsdiploma / Sertifikaat te behaal, óf hulle hou onmiddellik op om klasse by te woon en verbeur sodoende die fooie wat reeds betaal is.

Die voltooiing van alle vereiste geskrewe en praktiese opdragte: (Sien bladsye 3, 4, 5 en 6)

Persoonlike bywoning van alle teksanaliseslypskole: (Sien bladsy 4)

Deelname aan die finale eindeksamen:

Eerstejaar studente en seniors doen 'n eksamentoneel en moet hulself beskikbaar stel vir repetisies en 4 of 5 slypskole met die Direkteur ter voorbereiding vir die finale eindeksamen. Studente wat 10 of meer teaterdissiplinepunte verloor het mag moontlik nie toegelaat word om die eksamen af te lê nie.

'n Minimum van 2 out uit 12 punte vir Teaterdissipline:

Studente begin met 12 punte krediet vir Teaterdissipline. Punte word vir oortredings en onaanvaarbare gedrag afgetrek. Persone wat meer as 10 punte verloor het, druip die kursus. Wanneer 'n student 6 punte verloor het as gevolg van laat aankoms, sal die student uit die kursus geskors word vir disrespekvolle en onbedagsame gedrag.

DISRESPEK TEENOOR DIE DIREKTEUR / DOSENT

- om versoeke en/of voorstelle t.o.v. werk en dissipline te ignoreer;
- om op die Direkteur, dosent of medestudente te skreeu of hulle te konfronteer / aan te val / te blameer / te kritiseer / te beledig / te treiter / te intimideer, hetsy binne of buite klasse / repetisies;
- om kosbare klas / repetisietyd te mors deur grappe te vertel, te klets, ontwrigtend te wees, jou selfoon aan te hê, nie te werk nie, oproerigheid te veroorsaak of om op 'n arrogante manier "oor te neem";
- om daarop aan te dring om besluite aangaande mede-studente / skoolsake / skoolprojekte te neem;
- om te weier om die oefeninge / toneel en/of verwante werk te doen soos wat van jou versoek is;
- om weerstand te bied teen opleiding / spelleiding, of om nie die werk wat gedoen moet word, uit te voer nie – hetsy deur volslae weiering, deur in trane uit te bars, deur te weier om te kommunikeer, deur argumente, emosionele afpersing, vereistes te stel, ander op te stook, dreigemente om die klas of kursus te verlaat as jy nie jou sin kry nie, of deur 'n woede-aanval te loots.
- vir die instrukteur kwaad te word wanneer daar aan jou uitgewys word dat daar dinge is wat jy nie weet nie.

PUNTE SAL AFGETREK WORD VIR

Laatkom vir klasse en repetisies	1
Laatkom vir Prosa & Poësie of teksanalise of toneelklasse / slypskole of verfilming	2
As jy nie die dosent vooraf inlig dat jy nie klas kan bywoon nie	2
As jy nie repetisies, slypskole, vertolkings waartoe jy jouself verbind het, doen nie	3
Ongereelde klasbywoning	3
As jy nie voorbereiding vir klasse doen soos deur die dosent vereis nie	3
As jy nie opdragte (geskrewe of prakties) op geskeduleerde datums inhandig nie	3
'n Negatiewe houding, 'n geskinder, seksuele teistering, onbedagsame of dreigende gedrag	3
By ontvangs van 'n geskrewe waarskuwing of as jy die klas belet word	3

... what keeps you working – and what allows you to deserve your spot – is the ability and the courage to tell the truth. All art is shared truth.

Marlon Brando

KLEREDRAG

Dra asseblief los, gemaklike klere – geen kort, stywe rompe, stywe jeans, heupbroeke, laehals bloese- of t-hemde, belde, gespes of swaar juwele nie. Hulle beperk jou beweging.

Vroue word versoek om asb. nie op 'n verleidelike manier aan te trek wanneer hulle klas bywoon nie.

Studente dra broeke klas toe omdat vryelike beweging onmoontlik is in 'n romp of rok.

Dra plat, gemaklike skoene – hardloopskoene of tekkies. *Asseblief: geen kaal voete, hofskoene of platforms nie!*

Hare moet uit die gesig vasgemaak word. Geen pruike, keppies of hoede wat kan afval nie, asseblief.

Once you learn to read, you will be forever free.
Frederick Douglass

VOORGESKREWE BOEKE

Constantin Stanislavsky: *An Actor Prepares*
Constantin Stanislavsky: *Building a Character*
Edward Dwight Easty: *On Method Acting*
Jean Lee Latham: *Do's and Don'ts of Drama*
Robert Lewis: *Method or Madness?*
Peter Brook: *The Empty Space*
Lee Strasberg: *A Dream of Passion*
Kristin Linklater*: Freeing the Natural Voice*

SKAKEL DIE DIREKTEUR OM 'N AFSPRAAK VIR 'N INFORMASIESESSIE TE MAAK –

KONTAKBESONDERHEDE

Stephanie van Niekerk - Direkteur – Method Actors' Training Centre / Akteursopleidingsentrum

e-pos: stephanie@methodacting.co.za

telefoon: 084 302 2457 / 012 751-2227

webwerf: www.methodacting.co.za

Methodstudente benodig hul eie vervoer aangesien klasse saans plaasvind en tot 12 nm. kan voortduur wanneer eksamens afgeneem word

Die Method-guru, Lee Strasberg het gesê: 'In order for acting to be an art, it has to be real.'

Deur middel van praktiese tegnieke wat gebruik kan word om alle spelprobleme op the los, maak die Method dit vir die akteur moontlik om 'n egte, eerlike en geloofwaardige vertolking te lewer. By MATC, die enigste skool in Suid-Afrika waar Strasberg se Method doseer word, leer jy die nodige ontspannings- en sintuigherinneringstegnieke wat jou daartoe in staat stel om jou vermoëns volgens sy filosofie te ontwikkel terwyl jy dwarsdeur die jaar aan tonele werk om die aanwending daarvan te beoefen.

As dit jou erns is om in 'n ware kunstenaar te ontwikkel, as jou vaardighede vir jou van groot belang is – as jy beter as die res wil wees – is die Method vir jou.